

DIE GRONDBEGINSELS VAN DIE PRESBITERIALE KERKRE-  
GERINGSTELSEL.

deur

G.P.L. V.D. LINDE. BA. Th.M.

Proefskrif aangebied om aan die vereistes vir die  
graad

THEOLOGIAE DOCTOR

in die Fakulteit Teologie aan die Potchefstroomse  
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys te voldoen.

PROMOTOR

PROF. DR. J.P. JOOSTE.

DESEMBER 1962.

DIE GRONDBEGINSSELS VAN DIE PRESBITERIALE KERKREGERING--  
STELSEL.

I N H O U D S O P G A W E .

	<u>Bladsye.</u>
Voorwoord .....	iv - vi.
<u>HOOFSTUK I:</u> Begripsbepaling .....	1 - 44
(i) Inleiding .....	1
(2) Reg .....	7
(3) Kerk .....	18
(4) Kerkreg .....	36
<u>HOOFSTUK II:</u> Die Plek van die Ampsgedagte in die presbiteriale kerkregering- stelsel .....	45 - 100
(1) Anp .....	45
(2) Die ampsbegrip nader ontwikkel in die lig van die Apostoliese amp .....	53
(3) Die instelling van die gewone amp .....	75
(a) Die Ouderlinganp.....	82
(b) Die Predikantsanp.....	92
(c) Die Diakenanp.....	97
<u>HOOFSTUK III:</u> Die Regering van die kerk volgens die presbiteriale stelsel .....	101 - 160
1. Die Koning van die Kerk .....	101
2. Die Verwerkliking van die Koningskap van Christus in die Kerk.....	103
	ii/....

(a) Sohn en Von Campenhausen..... 103

(b) Die Kollegialisme ..... 105

(c) Die Independentisme of Kon-  
gregasionalisme..... 107

(d) Die Lutherse of Territoriale  
stelsel..... 109

(e) Die Erastianisme..... 110

(f) Die Episkopaalse stelsel..... 110

(g) Die Presbiteriale stelsel..... 112

(i) Die plaaslike kerk uitgangs-  
punt in die verwerkliking van  
die Koningskap van Christus 113

(ii) Die taak van die ampsdraers  
in die verwerkliking van die  
Koningskap van Christus..... 114

(iii) Die handhawing van die reg 119

(iv) Die mag in die Kerk..... 121

(v) Die Kerkraad..... 134

(vi) Die plek van die diakens in  
die Kerkraad..... 140

(vii) Samevattende Konklusie..... 155

HOOFSTUK IV: Die Plek van die Kerkverband in die  
Presbiteriale Kerkregeringstelsel 161 - 235

1. Die Kerk net 'n geestelike eenheid 162

2. Die eenheid ook sigbaar institutêr 164

3. Kerkverband wel nodig kragtens die  
geestelike eenheid. 177

(a) Die independentistiese be-  
skouing..... 177

(b) Die beskouing van Jacobs en  
Greydanus..... 178

lii/.....

(c) Die plek van die Kerkverband in die Kerkregering, gesien in die lig van die Koningskap van Christus.....	189
4. Meerdere Vergaderings saangestel uit kerkrade.....	209
5. Die gesag van meerdere vergaderings	217
<u>HOOFSTUK V: Die Verhouding tussen Kerk en Owerheid met betrekking tot die Kerkregering volgens die presbiteriale stelsel .....</u>	236 - 267
1. Historiese oorsig met betrekking tot art. 36 N.G.B. ....	236
2. Konklusie.....	258
<u>HOOFSTUK VI: Samevatting .....</u>	268 - 277
<u>GERAADPLEEGDE BRONNE .....</u>	278 - 297

VOORWOORD.

Calvyn lê nadruk daarop dat die ware kerk die moeder van die gelowiges is.<sup>1)</sup> Dit is egter ook die tempel van God. Hyself is die Outeur daarvan en daarom „wil Hij erkend worden als zelf aanwezig in zijn instelling.”<sup>2)</sup> En dit kan alleen geskied as die kerk gebou word deur die prediking en as die orde daarin onderhou word „die door God is voorgeschreven.”<sup>3)</sup>

Daarom is die kerkregering geen onverskillige saak nie. Wie die kerk as instelling van God erken, kan sy beskouinge oor die kerkregering nooit losnaak van sy belydenis nie. Die kerkregering moet die Woord van God as grondslag hê. As Calvyn dan handel oor die wyse waarop die kerk geregeer moet word, gryp hy nie terug na die historie, of die gewoonte of na wat menslik die voortreflikste manier skyn te wees nie; hy sê eenvoudig: „Nu moeten wij spreken over de orde der kerk, door welke de Here wil, dat zijn kerk bestuurd wordt.”<sup>4)</sup>

Die kerkregeringstelsel moet Skriftuurlik verantwoord wees en daarom kan daar naar een stelsel wees waarvolgens die ware kerk geregeer word. Die grondbeginsels vir so 'n stelsel is deur Calvyn uit die Heilige Skrif ontwikkel - veral in sy Institusie, Boek IV - en met die verloop van die tyd nader uitgewerk en toegepas in die presbiteriale kerkregeringstelsel.

---

1). Vgl. Institusie IV. I. 1 en 6. p.p. 5/6. Vertaling deur dr. A. Sizoo. Tweede druk. Delft. s.j. Deel III.

2). *ibid.* IV. I. p.11.

3). *ibid.* IV. I. 5. p.13.

4). *ibid.* IV. III. 1. p.54.

Met hierdie proefskrif is 'n beskeie poging aangewend om die grondbeginsels van dié stelsel - in hulle Skriftuurlike fundering - aan te dui en nader toe te lig. Die resultaat van hierdie arbeid word hiermee aangebied in die hoop dat daarmee 'n positiewe bydrae op kerkregtelike gebied gelewer is.

\*\*\*\*\*

Die aanbieding van die resultaat van jare lange arbeid - dikwels onder moeilike omstandighede - bied ook die geleentheid om enkele sake, wat anders net in die hart verskuil lê, na vore te bring.

Dat die arbeid kon voltooi word vervul my met 'n onbeskryflike dankbaarheid teenoor die Here onse God.

Met kinderlike geneëntheid bring ek ook hier ons, na die mens gesproke, vroeg ontslape ouers in herinnering. Eers met die verloop van jare dring dit deur wat deur die troue Verbondsgod aan ons as kinders gegee was in ons ouers.

Ook die herinnering aan wyle mnr. Pieter Toxopeus vervul my met erkentlikheid. Hy was 'n vriend van ons huis en 'n weldoener sonder wie se steun ek nie universitêre opleiding sou kon geniet het nie.

Vir hulle aandeel aan my vorming word hiermee waardering betuig aan die professore van die destydse P.U.K. vir C.H.O.

Onvergeetlik is ook die jare van studie onder leiding van wyle proff. C.J.H. de Wet en J.D. du Toit,

aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk  
in Suid-Afrika.

Aan u, prof. dr. S. du Toit 'n woord van innige  
dank vir alles wat u bygedra het tot my vorming geduren-  
de dieselfde jare. U blywende belangstelling en aan-  
moediging tot vandag toe word hoog waardeer.

Dit was ook my voorreg om gedurende die na-  
graadse studie leiding van prof. W.J. Snyman te ontvang.  
Hartlike dank vir u belangstelling en bemoediging!

Geagte promotor, prof. dr. J.P. Jooste, dit  
was 'n aangename voorreg om onder u leiding my studie af  
te rond. Swaar belaaï met arbeid het u-veral die  
laaste jaar- altyd tyd moes maak om probleme met my te  
bespreek. U pligsgetrouheid en noukeurigheid het  
diep beïndruk. Die vriendelikheid waarmee u en mevrou  
Jooste my altyd aan huis ontvang het, sal 'n aangename  
herinnering bly!

My vrou en ons seun moes veel verduur die  
afgeloopde jare. Sonder hulle steun en bemoediging sou  
hierdie arbeid nie voltooi kon word nie. Hulle opof-  
feringe het nie onopgemerk by my verbygegaan nie!

Aan mnr. F. Steyn van „Die Volksblad“ vir  
die taalkundige versorging, en aan mev. A.J. Botha vir  
die tik van die proefskrif, my hartlike dank.

Eindeflik betuig ek nog aan die eerwaarde Kerk-  
raad en aan die gemeente van die Gereformeerde Kerk  
Bloemfontein, my innige dank vir hulle tegemoetkoming  
gedurende die afgeloopde jaar.

BLOEMFONTEIN: Desember 1962.